# Eie klein saak nie 'n wonderkuur

## Werkloosheid onder jeug moet reg aangepak word

Kry jy nie 'n werk nie? Begin jou eie onderneming, word 'n entrepreneur of 'n kleinsake-ondernemer - dít is die oplossing vir Suid-Afrika se werkloosheidsprobleem.

Hokaai, stop liewer dié bus en kyk na die werklikhede van die Suid-Afrikaanse ekonomie en demografie, sê prof. Jurie van Vuuren van die departement van ondernemingsbestuur van die Universiteit van Pretoria.

"Menige politici, akademici, ekonome, bedryfsleiers of selfs die media gryp na dié oplossing - en daar word net so maklik veralgemeen oor die werkloosheidskoers onder jong mense met tersiêre opleiding," sê Van Vuuren.

Die aannames dat jong mense met tersiêre opleiding nie werk gaan kry nie, swak opgelei is en almal ondernemings wil begin, is maar 'n paar van die veralgemenings wat Van Vuuren bevraagteken.

Hy verwys na navorsing wat in 2013 deur prof. Servaas van der Berg en Hendrik van Broekhuizen onderneem is wat die mite die nek inslaan dat groot getalle Suid-Afrikaanse graduandi werkloos is.

In die navorsing is onderskei tussen studente wat 'n graad behaal het aan 'n universiteit of 'n universiteit van tegnologie (voormalige technikons) en studente wat ander tersiêre kwalifikasies (sertifikate of diplomas) verwerf het.

Ongeag die resessie het werkloosheid onder graduandi teen 2012 net van 5,4% tot 5,9% toegeneem (sien grafiek hierby). Daardie jong mense se kans om 'n werk te kry, is dus 94,1%.

Omdat dit baie moeilik is om 'n onderneming te begin en dit dan volhoubaar te bestuur, sal slegs 'n klein persentasie van hierdie werklose jong mense daardie sektor betree, sê Van Vuuren.

Hy verwys na 'n bevinding van die Global Entrepreneurship Monitor South Africa 2013 dat slegs 8,9% van die steekproef dit oorweeg om 'n onderneming te begin teenoor 40% in Brasilië.

"Die Suid-Afrikaanse werklikheid is dat daar miljoene jong mense in en om die stede werkloos is. Hulle het moontlik gr. 12 en het geen vooruitsigte op 'n werk nie. Hulle het ook nie die nodige vaardighede om hoogs tegnologiese geleenthede raak te sien en te benut nie."

Dit maak ook geen verskil of die jong mens in Soshanguve, Botshabelo, die Kaapse Vlakte of Pacaltsdorp in George sit nie - die situasie is dieselfde.

Dit help nie om die wonderkuur van kleinsake as 'n loopbaan vir so 'n jong mens voor te hou en daardeur die idealistiese prentjie te skep dat hulle vir hulself werk sal skep nie.

"Dit help ook nie veel dat daar, soos in hierdie stadium, miljoene rande bewillig word vir opleiding wat nie in 'n gestruktureerde model ingepas word nie, sê Van Vuuren.

Hy pleit dat programme en modelle wat werklik 'n verskil maak eerder broodnodige finansiering kry.

"Die minister van kleinsake het nie nodig om te oorweeg om in ander lande te gaan kyk wat 'werk' nie; hier word klaar modelle toegepas wat werk."

Hy is krities daaroor dat Lindiwe Zulu, minister van kleinsake, Suid-Afrikaners aanraai om raad te vra by die Pakistanse en Somaliese "entrepreneurs" wat byvoorbeeld sigarette teen R9 per pakkie verkoop, terwyl net die belasting in die formele handel R15 op dieselfde produk beloop.

Wie weet watter ander raad gaan hulle nog kry? vra 'n skeptiese Van Vuuren.

Een moontlike oplossing is 'n vennootskapsmodel tussen die Tshwane-metro en die Universiteit van Pretoria wat die regte wetenskaplike sakebeginsels in ag neem.

Die proses word begin deur die bepaling en keuse van die beste opleidingsprogram vir die teikengroep. Daarna word 'n persoonlike onderhoud met die deelnemers gevoer en die geskikste kandidate vir die program gekeur.

"Die rede hiervoor is dat sekere individue nie werklik 'n onderneming wil begin wat deur een geleentheid aangevuur word nie," verduidelik Van Vuuren.

Die opleiding word gedoen in die gemeenskappe en word opgevolg deur 'n mentorskapprogram wat van ses tot nege weke duur.

Dan word die voornemende entrepreneurs blootgestel aan die soort omgewing wat hulle as kleinsake-entrepreneurs sal bemagtig.

Dit sluit ook skakeling met finansiële instellings in.

Hierdie proses word voltooi deurdat die Tshwane-metro klein kontrakte beskikbaar maak wat dan aan die onderneming met die beste kwotasie toegeken word.

Dié kontrakwerk sluit in om slaggate reg te maak, parke te onderhou of om skryfbehoeftes te voorsien.

Dit word bevestig met 'n brief van voorneme wat aan 'n verskaffer getoon kan word. So begin die sake-siklus. Ondervinding word opgedoen terwyl die entrepreneuriese gees ook bevorder word.


Dit word dan herhaal en uitgebrei deur ander kliënte te kry.

So 'n "sagte landing" maak dit moontlik om 'n begin te maak en volhoubaar te begin sake doen.

Drie elemente speel dus hier 'n rol om sukses te probeer verseker: die regte individu, die nodige vaardighede en die bemagtiging van hierdie individue wat nie 'n graad of diploma het nie.

"Ek glo as alle regeringsvlakke asook groot korporasies hierdie model gebruik, kan ons die werklike realiteit van werkloosheid hanteer," sê Van Vuuren.

### Breë werkloosheidskoers: gegradueerdes teenoor ander tersiêre opleiding




Bron: Navorsing deur Hendrik van Broekhuizen en prof. Servaas van der Berg, Universiteit Stellenbosch 2013 Grafika24

> Hulle het nie die vaardighede om tegnologiese geleenthede raak te sien nie.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission.